NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

VISUELE KUNSTE: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur | 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n insetsel van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. **BEANTWOORD AL VYF VRAE.**

3. Lees elke vraag noukeurig deur voordat jy jou antwoord formuleer.

4. Skryf netjies en op 'n duidelike en gestruktureerde wyse: gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. **Geen punte** sal toegeken word vir lyste feite of diagramme nie.

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Onderstreep die name van <u>kunstenaars</u> en <u>kunswerke</u>.

7. Jy mag nie na die visuele bronne wat in een vraag verskaf word in enige ander vrae verwys nie.

8. Moenie inligting herhaal nie. **Geen punte** sal toegeken word vir dieselfde inligting in 'n ander vraag nie.

9. Waar 'n vraag **<u>EN/OF</u>** bevat, mag jy **EEN** aspek of **AL** die kriteria bespreek.

10. **LET WEL**: Bestee ongeveer ***45 minute tot 'n uur*** van jou tyd om **Vraag 5** te beantwoord.

11. Antwoorde moet voltooi word in die Antwoordboek wat voorsien is.

12. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 1 VISUELE GELETTERDHEID

Bestudeer **Afbeeldings A** en **B**, lees die meegaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

Gebruik **Afbeelding A** en **B SLEGS** vir VRAAG 1.

Afbeelding A *(Bo)*

Charles White

Nobody Knows My Name #1

1965

Houtskool en tekenkryt op illustrasiebord.

737 × 1003 mm

1

Enkele dae voor die opening van *Charles White: A Retrospective* in die Museum of Modern Art (MoMA) in 2018 in New York, klop 'n dramatiese tekening deur dié belangrike kunstenaar uit die 20ste eeu die Afro-Amerikaanse beeldende kunsveiling by 'n Swanngalery. Die tekening **(Afbeelding A)**, *Nobody Knows My Name #1* is vir $485 000 verkoop.

Charles White (1918–1979) het die werk in 1965 gemaak toe hy in Los Angeles gewoon en gewerk het. In dieselfde jaar is Malcolm X, wat konsepte van rassetrots en swart nasionalisme uitgespreek het, om die lewe gebring.

IEB Copyright © 2021

In *My Big Black America*, 2015 (*hieronder*) het die kunstenaar, Wesley Clark, maniere ondersoek om die 2008-verkiesingskaart wat Barack Obama verkies het, te inkorporeer. Beskadigde hout van skeepskratte vorm die basis van die beeld, waarop Clark gevonde stukkies meubels, boomtakke en nuwe ongeskonde hout in lae gebruik het. Vir die kunstenaar verteenwoordig hierdie mengsel van ou en nuwe hout generasies Afro-Amerikaners, vroeër en tans, uit die verlede en hede, wie se arbeid die ruggraat van die ekonomie van die Verenigde State gebou het. Clark het ook gesê: *"Ek het hout as medium gekies omdat die eienskappe daarvan soortgelyk aan menslike vlees is. Hout verouder sigbaar, dit het littekens en dit gee karakter aan elke stuk."*



Afbeelding B *(Bo)*

Wesley Clark

My Big Black America

2015

Gebrande en geverfde hout beeldhouwerk installasie.

4,87 m × 3 m × 33,56 cm

2

1.1 Identifiseer **TWEE** dominante kunselemente **EN/OF**-ontwerpbeginsels van **BEIDE Afbeelding A** en **B**. Voer ook 'n formele analise uit waarin jy hul funksies in elke kunswerk verduidelik en vergelyk. (4)

1.2 Verduidelik die betekenis van die titel van **Afbeelding A**. (2)

1.3 Charles White, 'n Afro-Amerikaanse kunstenaar, het **Afbeelding A** in 2018 vir $485 000 op 'n veiling verkoop. Hoekom dink jy het hierdie tekening vir soveel geld verkoop? (3)

1.4 Hoe belangrik is die titel ***My Big Black America*** vir die verstaan van **Afbeelding B**? Gee redes vir jou antwoord. (2)

1.5 Bestudeer **Afbeelding A** en **B**. Ontleed hoe die gebruik van medium betekenis of visuele metafore in hierdie kunswerke skep. Motiveer jou antwoord deur na albei kunswerke te verwys. (4)

[15]

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 TWINTIGSTE-EEUSE KUNS VAN DADA TOT DIE 1970's, KONSEPTUELE KUNS UITGESLUIT

Lees die teks hieronder en bestudeer **Afbeelding C**, en beantwoord dan die vrae wat volg.

Alma Woodsey Thomas was 'n Afro-Amerikaanse kunstenaar en onderwyser wat in Washington, DC gewoon en gewerk het (CE. 1891–1978) en word tans beskou as 'n belangrike Amerikaanse skilder van die 20ste eeu. Thomas is veral bekend vir haar 'vrolike' abstrakte skilderye.

"Deur kleur het ek probeer om op skoonheid en geluk te fokus, eerder as op die wreedheid van die mens." – Alma Thomas

Afbeelding C

Alma Thomas

Alma's Flower Garden

1970

Olieverf op doek

3

2.1 Gegewe dat Alma Thomas in haar leeftyd nie 'n erkende kunstenaar was nie, verduidelik waarom haar keuse om op skoonheid en geluk te fokus, as ongewoon beskou kan word. (3)

2.2 Kies **EEN** kunswerk uit die lys bewegings hieronder wat die wêreld in 'n oorwegend **'*positiewe lig*'** uitbeeld. Kies dan 'n ***ander*** kunswerk uit 'n ander beweging uit die lys hieronder wat ***'die wreedheid van die mens'*** uitbeeld.

Dada, Surrealisme, Abstrakte Ekspressionisme en Popkuns.

Skryf die name van die kunstenaars, die titels van die kunswerke en 'n kort beskrywing van elke kunswerk vir jou gekose kunswerke neer. (4)

2.3 Verduidelik hoe jou **eerste** gekose kunswerk die wêreld in 'n oorwegend **'*positiewe lig*'** uitbeeld. Verduidelik hoe jou **tweede** gekose kunswerk ***'die wreedheid van die mens'*** uitbeeld. Motiveer jou antwoord deur na die konsep, keuse van medium **EN/OF** onderwerp van elke kunswerk te verwys. (8)

[15]

VRAAG 3 KONSEPTUELE EN KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE KUNS

Bestudeer **Afbeelding D**, lees die meegaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.



Afbeelding D

Banksy

The Elephant in the Room

2006

Beeldhouwerk gemaak met 'n lewende volwasse olifant genaamd Tai en 12 liter kind-vriendelike verf.

4

Daar is 'n olifant in die kamer, d.w.s. daar is 'n probleem waaroor ons moet praat.

Afbeelding D is een van Banksy se mees omstrede stukke, genaamd *The Elephant in the Room*. Dit debuteer op sy eerste Amerikaanse uitstalling – *Barely Legal*. Hierdie stuk vertoon Tai, 'n 38-jarige olifant, wat geskilder is om by die kleurpatroon teen die muur te pas. "Die verklaring oor die kunswerk gaan voort deur te sê dat daar miljarde mense is wat onder die broodlyn leef." (The Guardian, 2006). Met hierdie stuk hanteer Banksy 'n kritieke en dikwels verontagsame kwessie wat die wêreld vandag raak. Daar moet op gelet word dat diereregte-aktiviste nie gelukkig was oor die verf wat op die olifant gebruik is nie. Hulle het die permit betwis wat aan Banksy toegestaan is, en die saak gewen.

3.1 Dink jy dat die kunswerk ***The Elephant in the Room*** suksesvol was om kykers bewus te maak van die miljarde mense wat onder die broodlyn leef? Motiveer jou antwoord. (4)

3.2 Kies en bespreek **TWEE** kunswerke deur **TWEE** verskillende Konseptuele **EN/OF** Kontemporêre Internasionale kunstenaars wie se werk grense verskuif het en gevolglik mense van belangrike kwessies bewus gemaak het.

Skryf vir **ELKE** kunswerk die naam van die kunstenaar, titel en 'n kort beskrywing van elke kunswerk neer. (4)

(Let wel: Jy mag kies om Banksy te bespreek, maar jy mag nie na die kunswerk hierbo verwys nie.)

3.3 Bespreek die maniere waarop jou gekose kunswerke grense verskuif het en die mate waarin dit kykers suksesvol van belangrike kwessies bewus gemaak het. (12)

[20]

IEB Copyright © 2021

VRAAG 4 WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA (Circa 1950–1994 CE)

Lees die onderstaande teks, bestudeer **Afbeelding E** en beantwoord dan die vrae wat volg.

Afbeelding E

Reshada Crouse

Passive Resistance

1994

Olieverf op doek

300 × 600 cm

5

Passive Resistance is geskep nadat Crouse in 1994 'n kompetisie gewen het wat deur die Creative Arts Foundation in die Stadskouburg Galery gehou is. Die werk hang gewoonlik in die voorportaal van die Nelson Mandela-teater in Johannesburg. Dit is soortgelyk gestruktureer as die beroemde skildery *Liberty Leading the People* (1830) van die Franse kunstenaar Eugène Delacroix, maar in hierdie geval verskyn daar vooraanstaande figure van die Johannesburgse toneelwêreld. *Passive Resistance* is 'n politieke skildery wat die rol van kunstenaars en teater in die stryd teen apartheid uitbeeld.

4.1 Identifiseer en bespreek **EEN** simbool in **Afbeelding E** wat 'n gevoel van hoop vir toekomstige Suid-Afrikaners verteenwoordig. (2)

4.2 Kies **TWEE** relevante **Suid-Afrikaanse kunswerke (circa 1950–1994)** deur **TWEE** *verskillende* kunstenaars wie se werk as ***nie-gewelddadig*** en dus as ***passiewe weerstand*** teen die apartheidregime *beskou kan word.*

Verskaf die naam van die kunstenaar, die titel van die kunswerk en 'n kort beskrywing vir **ELK** van die **TWEE** gekose Suid-Afrikaanse kunswerke.

(Let wel: Jy kan ook kunstenaars bespreek wat gedurende die vyftigerjare en daarna uit formele en informele kunssentrums op die voorgrond getree het.) (4)

4.3 Verduidelik die hoofredes hoekom jou gekose kunswerke ***nie-gewelddadig*** **EN/OF** ***passief*** is in teenstelling daarmee om **duidelik** teen die apartheids-regime gekant te wees. (2)

4.4 Verwys by elke geselekteerde kunswerk na die kunstenaars se gebruik van onderwerp, titelkeuse, gebruik van medium **EN/OF**-konsep wat die geselekteerde kunswerke 'n instrument van ***passiewe*** en ***nie-gewelddadige*** protes teen apartheid maak. (12)

[20]

VRAAG 5 KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE KUNS (POST-1994)

Lees die meegaande teks en skryf 'n responsopstel.

Zwelethu Machepha is 'n multidissiplinêre kunstenaar. Van sy belangrikste werke sedert 2017 is 'n reeks wat die verhaal van SA se afvalherwinners vertel. Hierdie mans en vroue word soms "straat-*surfers*" genoem, en is 'n stemlose kulturele krag wat eers onlangs kritiese bespreking begin uitlok het. Machepha se reeks *Slaves without Masters* (2017) bring hierdie miskende Suid-Afrikaanse burgers suksesvol na vore.

6

Skryf 'n opstel van ongeveer VIER bladsye waarin jy evalueer in watter mate Suid-Afrikaanse kontemporêre kunstenaars se ***eie lewenservaring*** hul vermoë om ***"miskende Suid-Afrikaanse burgers suksesvol na vore te bring"*** verhoog of verminder.

Kies **DRIE** kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars en **EEN** kunswerk van elk om jou argument te ontwikkel en te motiveer. As jy 'n spesifieke versameling van 'n kunstenaar se werk bespreek, moet jy dit duidelik noem en beskryf.

(Let wel: Jy kan kies om Zwelethu Machepha te bespreek, maar jy mag nie na die kunswerke hierbo verwys nie.)

Puntetoekenning vir Vraag 5	
3 kunstenaars	6 punte
3 titels met kort beskrywings van werke	
Relevante feite *(Let wel: Skryf 6 feite neer om 4 punte per bespreking van elke kunswerk te verdien.)*	12 punte
Ontwikkeling van argument	12 punte

[30]

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2021